**Universiteit Stellenbosch die bewaarder van ’n historiese Suid-Afrikaanse vlag**

**27 September 2010, Universiteitsmuseum, Ryneveldstraat, Stellenbosch**

**Toespraak deur professor Russel Botman, Rektor en Visekanselier, US**

www.sun.ac.za/university/Management/rektor/toesprake.html
www.sun.ac.za/university/Management/rektor/speeches.html

Geagte gaste, dames en here, goeienaand, molweni, wamkelekile, good evening, en hartlik welkom by die Universiteit Stellenbosch (US). Dis vir ons ’n groot voorreg om u op hierdie historiese aand by ons te hê.

Ons neem vanaand ontvangs van ’n waardevolle fragment van die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat so byna landuit gewaai het – as dit nie was vir die onbaatsugtigheid van ’n patriot en alumnus van hierdie universiteit nie – ’n landsvlag wat tydens die geboorte van die nuwe Suid-Afrika gebruik is, en waarop die handtekeninge van oudpres Nelson Mandela en sy twee voormalige adjunkte, mnre FW de Klerk en Thabo Mbeki, pryk.

Watter heuglike dag was 10 Mei 1994 nie. Dié van ons wat nie die inhuldiging van oudpres Mandela by die Uniegebou kon bywoon nie, het vasgenael voor ons televisieskerms gesit vir die regstreekse uitsending van ’n gebeurtenis wat die hele wêreld verenig het.

Ek dink u sal met my saamstem dat een van die dag se hoogtepunte die oomblik was toe vier lugmaghelikopters verby gevlieg het, nie met gewere of bomme nie, maar elk met ’n groot landsvlag wat onderaan gewapper het. Dit was ’n magtige simbool van die trots van ’n wedergebore nasie – ’n nasie wat nie net die kettings van onderdrukking afgewerp het nie, maar ook die wêreld se bewondering verkry het vir die betreklik vredevolle manier waarop dit gedoen is.

Daarvoor is ons dank verskuldig aan u, mnr De Klerk [in die gehoor], asook aan mnre Mandela en Mbeki en almal anders wat oor skerp skeidslyne heen hande gevat het en ons gewys het wat eintlik in ons sit.

Ons was destyds nog besig om gewoond te raak aan ons nuwe, veelkleurige vlag toe dit verby ons gewapper het, en die verskillende politieke magte wat hierdie land aan die

suidelikste punt van Afrika help vorm het, bymekaar getrek het. Daardie beroemde verbyvlug het ons nuwe vlag as ’n gepaste simbool vir die wêreld se “Reënboognasie” veranker (om ’n sinsnede aan emeritus-aartsbiskop Desmond Tutu te ontleen).

In daardie enkele oomblik is miljoene Suid-Afrikaners verenig. Rassisme en diskriminasie is oorkom, die volkswil het geseëvier en ’n beter lewe vir almal het gewink.

Soos die noodlot dit wou hê, het een van die vlae wat ons daardie dag so geïnspireer het vroeër vanjaar in ’n vendusiehuis in Londen, hoofstad van Suid-Afrika se voormalige koloniale regeerder, die VK, beland.

Nou mag u dalk vra: Waarom die groot bohaai? Is dit nie maar net ’n vlag nie? Nee. Daar is ’n ou verhaal oor geboorte in Afrika. As ’n kind gebore word, moet hy omhoog gehou word om aan die mense bekend gestel te word, maar ook om die son te sien en die lig te vang. Dit is hoekom hierdie vlag belangrik is. As een van ons eerste vlae het dit die lig van die eerste son in hierdie beeldskone land van ons gevang. Dit herinner ons aan ons wedergeboorte.

Hierdie vlag is ’n nasionale skat wat tuis hoort, nie in die buiteland nie. En ek is seker dit is hoe mnr Giuseppe Ciucci gevoel het toe hy gehoor het die vlag gaan opgeveil word. Mnr Ciucci is die voorsitter van die Stonehage Charitable Trust, wat gestig is ter erkenning van ’n korporatiewe verantwoordelikheid om in die samelewing terug te ploeg. Dit is in hierdie hoedanigheid wat hy tussenbeide getree het en onderhandel het dat hierdie vlag van demokrasie na Suid-Afrika terugkeer.

Giuseppe, baie dankie. Ons is trots op jou!

Die regering is namens die mense van Suid-Afrika die ontvanger van die vlag, en die Universiteit Stellenbosch – mnr Ciucci se alma mater – is toevertrou met die verantwoordelikheid om vir die volgende 10 jaar as bewaarder van hierdie nasionale skat op te tree. Dames en here, laat ek u verseker: Ons is opgewasse vir hierdie taak. Die vlag sal hier in die Universiteitsmuseum uitgestal word vir almal om te sien.

Die Universiteit Stellenbosch is ’n nasionale hulpbron. Ons missie sluit in die bevoordeling van die gemeenskap, en ons visie is toegespits op die behoeftes van Suid-Afrika en die res van die vasteland. Daarom het ons onlangs die Universiteit Stellenbosch se HOOP Projek

bekend gestel – ’n stel ontwikkelingsdoelstellings gemik daarop om van die samelewing se dringendste behoeftes die hoof te help bied.

**Soos ’n boodskap in ’n bottel herinner hierdie vlag ons aan die ideale wat ons 16 jaar gelede vir ons jong demokrasie gekoester het. Hoe gaan dit met die baba waaraan ons met soveel verwagting geboorte geskenk het? Dit sal ons tog min baat as ons oor 10 jaar sê: “Kyk, hierdie buitengewone vlag het behoue gebly, maar waar is die baba?”**

**In sy inhuldigingstoespraak het oudpres Mandela gesê: “Ons gaan ’n ooreenkoms aan dat ons ’n samelewing sal bou waarin alle Suid-Afrikaners, sowel swart as wit, hul koppe omhoog kan hou, sonder enige vrees in hul harte, verseker van hul onvervreembare reg op menswaardigheid”.**

**Kom ons doen as ’n nasie selfondersoek om te sien of ons die items wat oudpres Mandela tydens sy inhuldiging in ’n doenlysie uitgestippel het, kan afmerk. Is daar “geregtigheid vir almal”? Is daar “vrede vir almal”? Is daar “werk, brood, water en sout vir almal”?**

**As ons eerlik met onsself is, moet ons erken dat ons dalk *tot ’n mate* vordering gemaak het, maar nog nie naastenby genoeg nie. Opregte selfondersoek is noodsaaklik in die volgehoue strewe na die beter lewe wat hierdie vlag 16 jaar gelede help inlui het. Mag dit voortduur, en mag ons nooit die stryd om van die wêreld ’n beter plek te maak gewonne gee nie.**

Weereens, welkom hier, en geniet die res van die aand. Dankie.